Jaareinde 2009 ■ Nuusbrief

CHRISTENE VIR DIE WAARHEID

CFT NEWS (as nuusblad geregistreer)

Privaatsak 250 • Kranskop • 3268 (032) 481-5512 Faks (032) 481-5507 e mail@cft.org.za web www.cft.org.za

CFT Konferensie 2009 [VERSLAG]

Tema: *"Staan stil kom eenkant toe"*
Datum: 4 - 6 September 2009
Eerwaarde Erlo Stegen het die konferensie Vrydagaand met dié tema ge-open:

Moses het ver van die huis skape van sy skoonvader opgepas, toe God vir hom sê: *"Dit is nie waarvoor Ek jou geskep het nie. Ek wil hê jy moet My volk uit die slawedom uitlei, na die land wat vloei van melk en heuning."*
Maar om dit vir Moses te kon sê, moes God hom eers tot stilstand bring. Moses moes nie net stil staan nie, hy moes afdraai. Hy het God in die brandende bos ontmoet. God het gesê: *"Trek jou skoene van jou voete af, want dit is heilige grond waarop jy staan."* Tevore het Moses in die bees- en skaapmis gestaan.
Dit is genade as God ons tot stilstand bring, "Staan stil en kyk na die dinge in jou lewe. Hoe lyk dit?" Ons moet nie net voortgaan soos 'n trein op sy spore, in 'n groef nie. Dit is goed vir ons om tot stilstand te kom en ons lewens te betrag.
In die Psalms lees ons dikwels die woord "Sela"= "Staan stil en dink na oor wat jy lees en waarmee jy besig is". Dit is maklik vir ons om net voort te gaan met ons lewe en te dink dat alles reg is, terwyl ons lankal van die spoor af is. Ons dink ons versprei die Evangelie, terwyl ons lankal die plek verlaat het waar God ons wil hê en ons kan gebruik.

2 Korinte 13:5 - *"Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus Jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie."*
Dit is goed dat ons gereeld stil staan en toets of ons nog in die geloof lewe. Die Korintiërs het gedink dat hulle nog in die geloof lewe, tog sê God se Woord vir hulle om stil te staan en te kyk of Jesus Christus nog in hulle was.

Die storie van Werner Heukelbach (1898 - 1968)



Werner Heukelbach het in Duitsland gewoon. Hy was 'n ateïs, maar toe het hy die Here ontmoet en begin om met oorgawe te preek. Hy was 'n vurige prediker. Baie het deur hom tot bekering gekom. Hy het die Evangelie versprei, van plek tot plek in tentdienste.
Na 'n tyd het hy opgemerk dat mense nie meer tot bekering kom soos aanvanklik nie. Hy het besluit om op te hou. Hy het God se aangesig gesoek. Hy het gesê: "Here, dit lyk of my werk nie vorentoe gaan nie, maar agteruit. Ek kan nie so aangaan nie! Ek is besig, ek preek voortdurend, maar dit lyk asof minder mense tot bekering kom. Dit lyk asof die Heilige Gees nie meer deur my werk nie." Hy het besluit om homself te toets. Hy het gekniel en sy skryfblok geneem. Hy het 'n lang lys van verskillende sonde gemaak en nagedink of hy aan enige daarvan skuldig was.
Vir twee weke lank het hy nie meer gepreek nie, en slegs homself ondersoek om te sien of hy nog was waar God hom wou hê. Hy het ook sy Bybel geneem en daarin gelees, en homself daarvolgens getoets.
Terwyl hy homself so ondersoek het, het hy baie dinge gevind wat God bedroef het. Hy het tot God uitgeroep en sy sonde bely, "Here, ek wil nie net my sonde bely nie, maar ek wil dit bely en laat staan."
Hy was soos Moses by die brandende bos waar God vir hom gesê het, *"Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is heilige grond."*
Nadat hy God ontmoet het en homself gereinig het, het hy weer begin preek, en die krag wat hy vroeër ervaar het, het teruggekeer. Hy het dieselfde preke gepreek as vroeër en God het magtig gewerk, en mense se harte aangeraak. Hulle het gekom en hulleself voor God neergewerp en hulle sondes bely meer as voorheen.

Meer in verband met die CFT konferensie:
BESOEK: www.cft.org.za // BESTEL : CD [praatjies en meer]

[BLADSY 2] Foto album van die konferensie

CFT Konferensie 2009

[FOTO ALBUM]

*" Ek wil tog 'n bietjie nader gaan...
om te kyk" Ex. 3: 3*

Ons Dank Die Here Vir 'n Wonderlike CFT Konferensie!

Deur die President…

Net 'n Gedagte

Eer
Die benoeming en herbenoeming van plekke, strate en geboue in die nuwe Suid-Afrika lok baie polemiek uit. Driftige debatte en kwaai woordewisselings word in die kantore van politieke partye gevoer omdat hulle verskil oor watter helde (vir sommige, skelms) uit die verlede vereer moet word.
Te midde van dit alles is daar twee vrae wat gedurig in my gedagtes na vore kom.
Watter verskil maak dit aan die ontslape helde as hulle in die hemel is, of hulle op aarde vereer is of nie?
Watter verskil maak dit aan die ontslape helde as hulle in die hel is, of hulle op aarde vereer is of nie?

Brons
Dit moet die Hemele hartseer maak as hulle sien hoeveel Christene in die geestelike wedloop net vir 'n bronsmedalje mik.

Integriteit
Ons wêreld smag na mans en vrouens wie se "Ja" "Ja" is, en se "Nee" "Nee".

Wie is ek?
Wie is ek?
Die geheim van wie ek is, is verskuil in die "Groot Ek Is".

Slegte nuus
Sal julle glo dat sommige mense die goeie nuus van verlossing verwerp omdat dit vir hulle net te goed is om waar te wees?
Dit is nou slegte nuus.

Hierdie gedagtes is geskryf deur die CFT President, Fano Sibisi, en deur middel van e-pos uitgestuur. Meer hiervan kan gevind word op CFT se webwerf.

BESTEL VAN:
CFT kantoor
032 481 5512
mail@cft.org.za

Nuwe Boek! [R50.00]
Uitsl. R5.00 posgeld

NUUT



Op 5 Oktober 2009 was dit 9 jaar gelede dat ons CFT President, Mnr Fano Sibisi met Motor Neuron Siekte (MND) gediagnoseer is. As gevolg daarvan is hy bedlêend, aan 'n respirator gekoppel en word hy deur 'n maagbuis gevoed.

Afgesien van dit alles is sy vertroue op God 'n skynende voorbeeld vir almal wat hom ontmoet, en hy en sy familie is dit eens dat God volle beheer oor die situasie het.

Gedurende hierdie nege jaar, selfs nou nog, is Fano besig om e-posse uit te stuur aan familie en vriende. An-Mari Fouché, het sommige van hierdie boodskappe in boekvorm opgeneem. Ons het vir An-Mari gevra waarom sy die boek geskryf het. Sy het gesê:

"Ek onthou dat toe ek klein was, my ouers altyd oor oom Fano gepraat het. Ek het hulle oor hom uitgevra. Hulle het my van sy siekte vertel, en hoedat hy altyd vir hulle kaartjies gestuur het. Ek was altyd lief daarvoor om stories te vertel en ek kry toe die plan om sy storie te skryf. Baie mense het vir my gevra wat my die plan gegee het. Ek weet regtig nie. God het dit vir my gegee. Ek het nie skielik daaraan gedink om die storie te skryf nie. Ek het die plan net in my agterkop gehad. Ek en my ouers het daaroor gepraat en daaroor gebid. Een dag, toe ek 11 jaar oud was, het ek 'n brief aan tannie Lindiwe geskryf. 'n Rukkie later het my tannie Sharlene Snyman vir my 'n nuusbrief van oom Fano gewys (ons het toe nog nie e-pos gehad nie) waarin hy van my brief vertel!
Daarna het daar nie veel gebeur nie, totdat ek op 'n keer by tannie Sharlene gekuier het. Daar het ek die hele dag voor die rekenaar deurgebring en e-posse uitgedruk. My oë het gevoel asof hulle uitpeul! Toe het my ouma, tannie Santa Snyman, op die Sending begin inligting inwin en daarna het alles net uitgewerk. Ek het oom Fano verlede jaar vir die eerste keer ontmoet. Ek was baie senuweeagtig. Ek weet nie hoekom nie. Hy het baie vrae gevra en ek het geantwoord nie andersom nie! Na 'n rukkie het ek begin ontspan en toe het ek verstaan waarom almal so lief is vir hom. Ek het oom Fano daarna nog net een ander keer gesien, toe ek vir hom die boek gaan wys het. Alhoewel hy nie kon tik nie, weet ek dat hy bly was daaroor. Toe ons by die huis kom, was ek verbaas om 'n e-pos van hom te ontvang, waarin hy my bedank. Nou is dit my beurt om vir oom Fano te sê "Siyabonga". Sonder hom sou daar nooit 'n boek gewees het nie!"
An-Mari Fouché (14)

Lindiwe en Fano Sibisi
ontvang die boek van An-Mari Fouché

Die gewoonte aangaande...

Halloween

- dié genot het gevolge.

Daar is baie teenstrydighede aangaande die oorsprong van Halloween. Vandag is die realiteit egter dat dit verbind word met demoniese beelde en simbole. Sommige mense argumenteer dat dit "wortels in die Christendom" het. Volgens hulle is die rede daarvoor die Allerheiligeaand (All Hallows Eve) met die herdenking van die Christen martelare. Daar is egter niks Bybels in hierdie gebruik wat dit die moeite werd maak om te herwin nie. Beelde wat oor die hele wêreld heen gebruik word, fokus op dood, hel, gruwelfilms, vrees, verskrikking, geeste en allerhande ander gruwels.

In Noord Amerika is dit die gewoonte vir kinders om aan deure te klop en aan die inwoners te vra: "Trick or treat?" (inwoners word effektief gedreig met 'n vloek as hulle nie vir die kinders lekkergoed of iets dergliks gee nie). Dit mag onskadelik of snaaks voorkom, maar alle okkultiese verbindinge het slegte geestelike gevolge. Die ergste gevolge is dat mense se harte teenoor die Evangelie van Jesus Christus verhard, terwyl dit 'n meer genaakbare houding teenoor die duiwel teweegbring.

Die ironie van die saak is dat baie nie-Christen ouers in die VSA en Kanada opgehou het om hulle kinders uit te stuur om Halloween te vier as gevolg van onlangse gevalle van seksuele misbruik. Miskien is dit nie ironies nie maar dood eenvoudig 'n gevolg van die assosiasie met die okkult. Die gewoonte van Halloween is dat die genot gevolge het. Die duiwel lag die laaste as ons vrywillig met hom en sy bondgenote vriende maak. Deur Sy genade maak ons Here Jesus Christus ons los van die hel, sonde, bose geeste en die duiwel.

Wat saak maak is dat die Bybel ons verbied om enige kontak met die okkulte te hê. In Deuteronomium 18:13 en 14 sê God duidelik: *"Opreg moet jy wees met die Here jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die Here jou God het jou nie so iets toegelaat nie".* En 1 Korintiërs 10:21 verklaar: *"Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van duiwels nie."*

Meer oor Halloween: www.cft.org.za

Halloween vind gewoonlik op 31 Oktober of 1 November plaas

Oordenking

Het ons die Seun?

"Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom." (Johannes 3:36)

Die geboorte van ons Here Jesus het gekom soos 'n waterskeiding in ons menslike bestaan. Hierna was die wêreld nooit weer dieselfde nie. As gevolg hiervan is elke mens asook die hele globale realiteit, uitgedaag om standpunt in te neem ten opsigte van sy verhouding met die Seun van God. Die fisiese en geestelike wêreld word eenvoudig in twee gedeeltes verdeel; dié wat in die Seun van God glo en dié wat nie in die Seun van God glo nie. Terwyl die wêreld Hom nie kon ontvang nie en sodoende uitgesluit is van die verlossing, word mense uitgedaag om Hom te soek en verlos te word van die onvermydelike gevolge van 'n lewe volgens die wette van hierdie wêreld, naamlik die ewige dood.

'n Mens kan hierdie onvermydelike uitdaging en daaropvolgende besluit, nie ontduik nie. So kan ons ook nie die voorafbepaalde oordeel aan die einde van alle dinge, wanneer ons moet antwoord op die vraag aangaande ons verhouding met Jesus Christus, vermy nie. Die realiteit van ons antwoord word gedurende hierdie lewe, soos nou gelewe, bepaal.
Die finaliteit of ons die Seun het of nie, word bepaal in die huidige lewe en nie in die hiernamaals nie, maar die oordeel word in die lewe hierna voltrek. Of ons die Seun het of nie, word voldoende deur ons hele bestaan in hierdie wêreld bevestig, in ons verstand, siel, krag en hart. Sodoende bring dit verwydering tussen ons en dié wat nie die Seun het of begeer nie.

Het ek die Seun? Het u die Seun? Soos u nou kan verwag, veral omdat Kersfees voor die deur is, moet ons hierdie vraag beantwoord. Moet egter nie te vinnig wees om te antwoord nie. Evalueer eers u lewe volgens u waarskynlike antwoord en daarna volgens u lewenswandel. Wees ook eerlik omtrent die saak. Dit wat u as die vanselfsprekende waarheid aanvaar, moet aanpas by u daaglikse leefwyse. Indien ons antwoord en ons lewe nie ooreenstem nie, mag dit wees dat ons nie die Seun, soos ons graag so selfversekerd wil glo, het nie.

- Dr. Peet Botha